**13 September 2020** **(Erediens)**

**Votum en Seën**

Ons hulp is in die naam van die Here wat hemel en aarde gemaak het, wat trou bly tot in ewigheid en nooit die werk van sy hande verlaat nie.

Genade en Vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus, deur die werking van die Heilige Gees.

**Oomblik van Stilte**

**Raak bewus van God se teenwoordigheid rondom jou, voel hoe Hy Sy arms van liefde om jou sit en vir jou sê: "Jy is Myne, Ek het jou geroepe om my te volg en my getuie te wees oor die ganse heelal"**

**Die Wet**

| | |
|---|---|
| 1 | Toe het God al hierdie gebooie aangekondig: |
| 2 | "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het. |
| 3 | Jy mag naas My geen ander gode hê nie. |
| 4 | "Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. |
| 5 | Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat, |
| 6 | maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam. |
| 7 | "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie. |
| 8 | "Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou. |
| 9 | Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, |

| | |
|---|---|
| 10 | maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. |
| 11 | Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig. |
| 12 | “Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee. |
| 13 | “Jy mag nie moord pleeg nie. |
| 14 | “Jy mag nie egbreuk pleeg nie. |
| 15 | “Jy mag nie steel nie. |
| 16 | “Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie. |
| 17 | “Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie 'n slaaf of slavin, 'n bees of 'n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie.” |

**Skulldbelydenis en Genadeverkondiging**

Die Onse Vader Gebed – **Barend En Ilse**

**Lofsang (Staande)**

Lied 454 – Vader, ons eer u (1,2 en 3) **(Gemeentesang)**

**Openbare Belydenis van Geloof**

Tema - Geloofsekerheid

Skriflesing:  1 Johannes 4:2-10

| | |
|---|---|
| 2 | Hiéraan ken julle die Gees van God: elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is. |
| 3 | En elkeen wat dit nie van Jesus bely nie, het nie die Gees wat van God afkomstig is nie. Hy het die gees van die antichris, die gees van wie julle gehoor het dat hy kom en wat nou reeds in die wêreld is. |

| | |
|---|---|
| 4 | Julle behoort aan God, liewe kinders, en het die vals profete klaar oorwin omdat Hy wat in julle is, groter is as die duiwel, wat in die wêreld is. |
| 5 | Hulle behoort aan die wêreld, en wat hulle sê, is dus van die wêreld afkomstig, en die wêreld luister na hulle. |
| 6 | Ons behoort aan God, en wie vir God ken, luister na ons; wie nie aan God behoort nie, luister nie na ons nie. Hieraan kan ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaalleer onderskei. |
| 7 | Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God. |
| 8 | Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde. |
| 9 | Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. |
| 10 | Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes. |

TEKS: 1 Joh. 4:8

Tema: Geloofsekerheid

**GOD SE LIEFDE IS ONS FONDAMENT VAN GELOOFSEKERHEID**

ʼn Mens se vriende kan jy self kies. Met jou familie is dit egter anders. Jy kan nie kies nie jy is onlosmaaklik deel van ʼn bepaalde familiekring.

Oor familie en gesinbande het nie een van ons ʼn sê of ʼn keuse nie.

Ek en jy word binne ʼn bepaalde gesins- en familieverband gebore.

In die kerk van die Here is ons ook een familie. Ons is die huisgesin van God. Hy is ons Vader en ons is sy kinders. Daarom noem ons mekaar broer en suster.

En net soos dit in ʼn gewone gesin die geval is, dat kinders nie self kan kies wie hulle ouers is nie, kan ons ook self kies of ons kinders van God wil wees of nie! Die keuse oor ons kindskap lê by God. Hy besluit om ons sy kinders te maak. Die Bybel praat van die uitverkiesing.

Kom ons lees weer vers 7. As ʼn mens dit letterlik vertaal staan hier:

- Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken vir God.
- Hy (Jesus) is ons oorsprong. Hy het ons gemaak. Maar meer as dit! Ek en jy is deur God se lewendmakende Gees uit ons sondeverlorenheid verwek!
- Ons is kinders van God, want ONS IS UIT GOD GEBORE!
- En nou is die volgende belangrike punt wat ons moet verstaan dit.
- Ek en jy dra ons ouers se eienskappe - of ons dit nou wil weet of nie!

En nou! Omdat ons God se kinders is, uit Hom gebore is, vertoon ons noodwendig sy eienskappe.

**En wat is die belangrikste, die uitstaande eienskap van God?**

**In ons teksvers staan GOD IS LIEFDE!**

Daarom sê Johannes: Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is ’n kind van God.

Hier kom ons nou by die basis, die vertrekpunt van ons geloof. Dit is, kan ons maar sê

**1. Die fondament van alle geloofsekerheid: GOD IS LIEFDE**

God is liefde. Die Griekse woord wat hier met liefde vertaal word, is die woord agapé. Kom ons noem dit volmaakte of absolute liefde of die woord wat wat dit die mooiste beskryf is **SELFOPOFFERENDE LIEFDE**.

In vers 10 skryf Johannes**: Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het.**

**Omdat God ons uitverkies het om uit Hom gebore te word, besit ons nou ook sy eienskap van absolute of selfopofferende liefde. Hierdie liefde kom van God. Daarom kan ons ook nou ook volmaak liefhê, want ons is God se kinders!**

Hoe weet ek en jy dat ons God se kinders is? Weereens is Johannes baie duidelik in sy antwoord:

**2. Die bewys van God se liefde: Is die gawe van Sy Seun Jesus Christus!**

God se liefde is volmaak. Dit is absoluut!

Hoe weet ons dat sy liefde volmaak is? Hy bewys dit met ’n daad. **Hy gee sy Seun as offer vir ons sondes!**

Dink terug aan Abram wat vir Isak sy seun moes gaan offer het! In vertroue het Abraham opgetree en sê die Hebreers skrywer dat Abraham so baie vertroue gehad het dat selfs al sou Hy vir Isak offer sou God by magte wees om Isak uit dood op te wek!

En kyk nou mooi! God gee sy kind! So volmaak is sy liefde vir ons! dit is liefde wat ons verstand te bowe gaan. Hy het sy Seun na hierdie wêreld gestuur om vir ons te kom sterf. God se eie Seun, wat sonder sonde is, word in ons plek vir ons sondes gestraf.

**Kan daar ʼn groter of duideliker bewys vir God se liefde vir ons wees? Ek glo nie daar is nie!**

- Maar nou is die volgende vraag:
- Hoe kry ek en jy deel aan hierdie liefdesdaad van God?
- Hoe weet ek en jy dat die Here Jesus Christus se bloed ook ons sondes afwas?

**3. Die konkretisering van God se liefde: Is die gawe van Sy Gees**

- Johannes sê: Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons: Hy het ons sy Gees gegee (vers13).
- Daar is geen ander manier waarop ʼn mens kind van God kan word as net deur die werking van die Heilige Gees nie.
- Die punt is: Die mens wat in sy sonde dood is, kan op geen manier vanself op God se roepstem antwoord nie.
- God moet die sondaarmens uit sy sondedood lewend maak. Hy moet jou geestelik gebore laat word.
- Sonder hierdie kragtige lewewekkende werking van die Heilige Gees kan geen mens ʼn kind van God word nie.

Nou is die logiese vraag weer:

**Maar hoe weet ek of ek deur Heilige Gees se kragtige werking weer gebore is**?

Die antwoord is: Jy sien dit aan die merktekens van die Gees!

Johannes wys op drie punte:

1. **Die Gees laat jou van Christus getuig.**

- Vir Johannes en sy mede-apostels het dit beteken dat hulle kon aanhou om te getuig dat die Vader die Seun as Redder van die wêreld gestuur het.
- Ek en jy is vandag dieselfde wat kan kan getuig, dat die Heilige Gees ook in ons is. ʼn Mens kan nie uit jouself so ʼn getuienis gee nie.
- Jy word daartoe gedryf deur die werking van die Heilige Gees.

2. **Die Gees laat jou bely dat Jesus die Seun van God is.**
   - ʼn Mens kan net bely dat Jesus die Seun van God is, as die Heilige Gees dit aan jou bekend maak.
   - Toe die apostel Petrus destyds teenoor die Here Jesus bely het: U is die Christus, die Seun van die lewende God, het Jesus gesê: Gelukkig is jy Simon Bar-Jona, ...... want dit is nie ʼn mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is. Die Heilige Gees dring jou om te bely.
3. **Die Gees laat jou in absolute liefde leef.**
   - ʼn Mens kom aan jou eie optrede en jou gesindheid agter dat jy onder die Gees se leiding staan.
   - Jy sien en beleef dat jy met liefde kan optree.
   - Hierdie absolute liefde wat van God af kom.
   - Liefde wat ander mense se verstand te bowe gaan.
   - Ja, omdat jy kind van God is, kry jy dit ook reg om selfs jou vyande lief te hê en om te bid vir mense wat besig is om jou te vervolg!
   - Jy kry dit reg om nie kwaad met kwaad te vergeld nie, maar om die kwaad met die goeie te oorwin!

As ʼn mens deur die Heilige Gees wedergebore is, kan jy nie stilbly nie. En jy word deur die Gees gedryf om absolute liefde te openbaar.

Johannes sê in vers 17: Iemand wat God se ware liefde in sy lewe het, is nie bang vir die oordeeldag nie. Hy sê volmaakte liefde verdryf vrees, want jy weet dat God jou sy kind gemaak het. Niemand kan dit verander nie!

**Ek sluit af met die laaste gedagte en opsomming van die diens!**

Deur ons geloof in ons Here Jesus Christus beleef ons die ware oorwinning. Onder die kragtige leiding van die Heilige Gees leer ons om eers God se wil en sy koninkryk te soek.

Om die ware vrede in jou hart te hê en om in ware en volmaakte liefde te lewe. Dit is wat nou vir ons regtig saak maak.

God se koninkryk is die enigste koninkryk wat nou vir ons belangrik is. Daarom bid ons as kinders van God wat sy liefde ken en ervaar: Laat u koninkryk kom en laat u wil geskied. AMEN

**Gebed**

**Slot lied**

- Lied 488 – Helder skyn ons lig vir die nasies (Barend en Ilse)

**Staan vir Geloofsbelydenis**

**Seengroet**

Lied 314 – Amen (Gemeentesang)